

Kinderkamer en Tamboerstokke (Kinderkamerweb-Spinnekoppe)

In my tuin in 'n dik hol Cyphostemma boom (kobasboom of ook meisiebene in die volksmond) woon daar 'n paartjie spinnekoppe, en hulle is **groot** (handpalmgrootte)! Vir mense met 'n vrees vir spinnekoppe sou dit sekerlik flou-val-traumaties wees, vir my tuin en vir my altans 'n groot aanwinst, want die spinnekoppe vreet **baie goggas** wat in my tuin nie baie welkom is nie (wat my betref). En hulle is nie gevaarlik vir mens of dier nie, doen goeie werk en is **baie interessant**.



so sit hulle bedags in hulle doekweb



karapaks met maskeragtige versiering

Bedags as dit warmer word en windstil is, sit hulle doodstil in die doekweb, meestal met die twee voorste paar bene dig bymekaar vorentoe gestrek. Die agterste twee paar bene is nie dig bymekaar nie. Die kopborsstuk (karapaks) is op die bokant ietwat verhard en vorm so 'n soort skild, wat versier is met 'n masker-agtige patroon. Vooraan sien 'n mens duidelik voettasters aan weerskante van die mond wat soos 'n klein, dun paar beentjies lyk. Die agterlyf is langwerpig, agter gepunt, vuilgeel van kleur met 'n bruin golfpatroon langs die onderste kant.

Die wyfie se agterlyf is dikker as die mannetjie s'n, sy bene is langer as die wyfie s'n. Die opmerklikste verskil is die vorm van die voettasters (pedipalpe). Waar die wyfie s'n ewe dun is, is die mannetjie s'n voor verdik en lyk soos tamboerstokke (Trommelschläger). In hierdie verdikking gaar hy sy kosbaarste geskenk vir die wyfie op, die sperma, tot dit tyd is vir paring. Dan plaas hy dit by haar geslagsopening aan die onderkant van haar agterlyf.



mannetjie



wyfie



pedipalpe van mannetjie



pedipalp van wyfie

SY woon in die boom **bo** en het haar eie groot tentagtige doekweb, so te sê die stoep en jagkamer, tussen die takke en blare en haar **eie** tunnelweb, wat lei na onder in die "slaap-, broei- en kinderkamer". Die tunnelweb het 'n lengte van ongeveer 15 cm en 'n deursnee van ongeveer 10 cm (4" pyp). Dit is die skuiling, waarin sy blitsvinnig verdwyn as gevaar nader (dis nogal moeilik om 'n foto te neem).

HY woon laer af in die boom, het sy **eie** doekweb en sy **eie** tunnelweb wat ook lei na onder in die hol boom. Wanneer en waar hulle ontmoet vir paring weet ek nie, dit geskied diskreet in die donker.



tunnelweb ingang



tunnelweb van die kant gesien



wyfie in tunnelweb

Na paring word die bevrugte eiertjies in 'n eierpakkie bymekaargehou. Die eierpakkie hang onder in die "slaapkamer". As die kleintjies uitkom, bly hulle vir 'n ruk in hierdie beskermde plek onder Ma se toesig totdat hulle uitbeweeg en hulle eie pad vat. Soos hulle groei, vervel hulle, die vel wat uit kutien bestaan groei nie saam nie.



ou broek uitgetrek

Afsluitend nog 'n paar "Wow"-feite oor spinnekopsy:

Die oudste spinnekopsy wat gevind is, was ingesluit in amber (Bernstein) in Lebanon en is 120 miljoen jaar oud.

Spinnekopsy is vyf keer **sterker as staal**, dit kan **rek**, dis **waterdig**, dis **fyner as hare** en breek nie maklik nie (selfs nie by minus 40 grade Celsius), is **bestand teen fungi en bakterië**, is ligter as **katoen**.

Gewet wat **BIOSTAAL** is? 'n Produk wat ontstaan het deur 'n **sygeen in melkproduserende bokke uit Afrika** te plant en dan 'n ekstrak uit die melk te onttrek wat uit **syproteïene** bestaan.

Inligtingsbronne:

GOGGAgids Die Geleedpotiges van Suider Afrika (Eric Holm, Ansie Dippenaar-Schoeman)

Filmer's Spiders an Identification Guide for Southern Africa (Martin R.Filmer, revised by Norman Larsen)

Wikipedia

Foto karapaks met maskeragtige versiering: C.A.Schlettwein

Teks en fotos: Anka Eichhoff